

Wat jy moet weet oor die 2020 Wêreldwaarnemingslys



CHINA


Die staat het "ondergrondse" kerke in minstens 23 provinsies beboet, geteister en gesluit.



SIRIË EN IRAK

Amper nege jaar van burgeroorlog in Sirië en jare van konflik in Irak het daartoe gelei dat Christenskap besig is om in hierdie lande te verdwyn.

	SIRIË	IRAK
Christelike bevolking voor die konflik	2.2 miljoen	1.5 miljoen
Huidige Christelike bevolking	744 000	202 000



BURKINA FASO

’n Nuwe brandpunt. Meer as 200 kerke in die noorde is gesluit en duisende kerkgangers is verdryf. Burkina Faso is as ’n nuwe brandpunt geïdentifiseer nadat dit 33 plekke opgeskuif het op die Wêreldwaarnemingslys.

SRI LANKA

Meer as 250 mense is dood en 500 is beseer in aanvalle op kerke en hotelle in April 2019. Die Paasfees-aanval was een van die ergste van sy soort wêreldwyd sedert 9/11.



Hierdie ontstellende feite wys waarom jou ondersteuning nou meer nodig is as ooit tevore. Vervolging neem toe en gelowiges in hierdie nasies soek desperaat na hoop te midde van oënskynlike verreikende donkerte.

Dankie dat jy die liefde en lig van Jesus in hierdie plekke laat skyn. Jou ondersteuning help met praktiese hulp, traumaberading, opvoeding en meer sodat jou broers en susters in Christus sterk kan staan!



Top 5 vir geweld



Vinnige feite oor Afrika

Altesaam **sewentien** Afrikalande is op die 2020 Wêreldwaarnemingslys.

Vier Afrikalande is in die **top 10**.

Altesaam **1 uit elke 5** Christene in Afrika ervaar minstens "hoë" vlakke van vervolging vir hul geloof.

Minstens **27 geïdentifiseerde Islamitiese groepe** is in verskillende dele van sub-Sahara Afrika bedrywig.

Sover bekend, is minstens **50** Christene al in Burkina Faso vir hul geloof geteiken en **doodgemaak**.

Nigerië is bo-aan die lys van die **gewelddadigste** land vir Christene.

Kameroen is een van die mees **korrupte** nasies in die wêreld.